# LEESGIDS




DEUR KATHIE VILJOEN

# Justin Fortuin, Seerower

## deur Theresa van Baalen

# 'n Leesgids

## Saamgestel deur Kathie Viljoen

LAPA
Jou leestuiste | Home to readers
Lehae la babadi | iKhaya labafundi

A division of
Penguin Random House
South Africa (Pty) Ltd


www.lapa.co.za

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.)
Bpk. Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Kathie Viljoen

ISBN 9780639604619 (ePDF)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte
van hierdie boek mag op enige manier
gereproduseer word sonder die skriftelike
toestemming van die kopiereghouers nie.

# DIE OMSLAG VAN DIE BOEK




1. ’n Voorblad is daar om vir die voornemende leser ’n klein kykie in die storielyn te gee. Wat sien jy alles op die voorblad raak en wat lei jy alles af?
2. Watter inligting kry jy alles op die rugkant van die boek?
3. Wat noem ’n mens die teks wat op die agterblad gegee word?
4. As jy die eerste paragraaf van die teks op die agterkant lees, waaroor dink jy gaan die storie handel?
5. Haal enige twee woorde op die agterkant aan wat vir jou dui op avontuur.
6. Watter uitgewer gee hierdie boek uit?
7. Gee die Afrikaans vir “bar code”.
8. Waarvoor word die “bar code” gebruik?

# Hoofstuk 1
# 'n Reënerige dag (bl. 5-9)

1. Waarom wil Justin nie meer saam met Liam die rekenaarspeletjie speel nie?

2. Beskryf wat ongewoon is aan Justin se slaapkamer in die kasteel. Is dit 'n tipiese voorbeeld van 'n seun se slaapkamer? Verduidelik jou antwoord.

3. Waar of Onwaar: Kasteel Boekanier is tannie Mary se huis. Motiveer jou antwoord.

4. Wanneer 'n mens hoor iemand het 'n troeteldier, dink jy dadelik aan 'n hond of kat of selfs goudvissies! Wat maak Justin se troeteldier 'n bietjie anders as die gewone?

5. Hoekom kan ons eintlik sê dat Kaptein Kraakbeen vir Justin as sy eienaar uitgesoek het?

6. Waarom is Justin en Liam effens bangerig vir Nicolas?

7. Hoe weet jy dat Nicolas nie eintlik higiënies is nie?

8. Haal ses agtereenvolgende woorde op bladsy 8 aan wat bevestig dat Justin en Liam nog nie die kasteel goed ken nie.

9. Verduidelik wat 'n vloerplan is.

10. Noem twee goed waarvoor Justin en Liam spesifiek op die vloerplan gaan soek.

**Taalvrae**

11. Deel die volgende woorde in lettergrepe:
    a. skootrekenaar
    b. opwindendste
    c. liggrys
    d. skaatsplanke

12. Gee die meervoud van die volgende:
    a. hok
    b. papegaai
    c. voorskoot
    d. kasteel

13. Skryf die volgende woorde neer en onderstreep die stam van die woord:
    a. vensters
    b. duurder
    c. uitasem
    d. reënerige

# Hoofstuk 2
# Planne om die kasteel te verken (bl. 10-15)

1. Hoe verskil die vloerplan van die kasteel met dié van 'n gewone huisplan?

2. Watter vreemde ding doen Kaptein Kraakbeen wat vir Justin koue rillings laat kry?

3. Wat op bladsy 11 laat 'n mens besef dat dinge anders in hierdie kasteel werk?

4. Waar is Kaptein Verwoes se skat toegesluit?

5. Wie sal kan aanspraak maak op Kaptein Verwoes se skat?

6. Waar of Onwaar: 'n Mens kan van die kasteel na die strand gaan sonder dat iemand jou sien. Haal aan om jou antwoord te motiveer.

7. Watter opwindende ding ontdek die twee seuns wanneer hulle die vloerplan bestudeer?

8. Wat, dink jy, sal gebeur as Nicolas die twee seuns in die kombuis kry?

9. Justin sê aan die onderkant van bladsy 14 dat hy nie aan spoke glo nie, maar dat daar wel 'n paar snaakse goed gebeur het wat hom laat wonder het! Watter twee items het met die "snaakse goed wat gebeur het" te doen?

**Taalvrae**

10. Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord:
    a. twintig mense
    b. kwaai see
    c. Hy skuif sy vinger.
    d. die derde tonnel

11. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:
    a. Justin rol die vloerplan van die kasteel oop.
    b. Daar is sitplek vir twintig mense.
    c. "Weird!" fluister die twee seuns gelyk.
    d. Die papegaai sit en kam sy vere.

12. Benoem die volgende soorte sinne:
    a. Sjoe! Dan was ek nou ryk!
    b. Gaan niemand dan die skat kry nie?
    c. Die twee seuns kyk na die vloerplan.
    d. Jy moet dit nou dadelik doen.

# Hoofstuk 3
# Waar is Nicolas? (bl. 16-21)

1. Watter verskoning kan Justin en Liam gebruik indien Nicolas hulle in die kombuis vang?

2. Waarom sal dit vir Justin lekker wees as hulle ’n spens in hulle huis het?

3. Hoe verskil hierdie tonnel se ingang van die ander twee tonnels?

4. Dink jy Kaptein Kraakbeen is ’n goeie metgesel om saam te neem wanneer jy iets in die geheim wil doen? Verduidelik jou antwoord.

**Taalvrae**

5. Skryf die woorde neer en onderstreep die diftong(e) in elke woord:
   a. kombuis
   b. oopswaai
   c. outydse
   d. geheimsinnig

6. Gee die verkleining van die volgende woorde:
   a. spens
   b. snawel
   c. huise
   d. hoek

7. Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd:
   a. Hy eet ’n koekie.
   b. My ouma se huis het nie ’n spens nie.
   c. Dit is jou skuld!
   d. Hou hy van dié?

# Hoofstuk 4
# ’n Geheime deur (bl. 22-27)

1. Die tonnel lei na ’n kelder. Verduidelik wat die verskil tussen ’n kelder en ’n solder is.

2. Op watter drie plekke kan die ingang van die tonnel moontlik wees?

3. Justin skrik groot toe die wynrak beweeg! Haal twee sinne aan wat dit bevestig.

4. Op bladsy 25 fluit Kaptein Kraakbeen weer kliphard. Hoekom is Justin hierdie keer bly dat hy so hard fluit?

5. Hoekom dink Liam dat die wynbottels in die rak op dieselfde manier as boeke in ’n boekrak sal werk?

6. Tot watter slim gevolgtrekking kom Liam oor die stof op die bottels?

**Taalvrae**

7. Gee die intensiewe vorme van die volgende:
   a. wit
   b. rooi
   c. geel
   d. groen

8. Gee die korrekte vorm van die woorde in hakies:
   a. Die (skreeu) papegaai het Justin laat skrik.
   b. Die gloeilamp het al (dof) gebrand.
   c. Liam se (jeuk) neus het hom laat nies.
   d. Die wynrak was vol (stof) bottels.

9. Dui die klankgrepe van die volgende aan:
   a. bottel
   b. grinnik
   c. tonnel
   d. rakke

# Hoofstuk 5
# Waarheen lei die tonnel? (bl. 28-31)

1. Nicolas het die brandende fakkel in die tonnel gelos. Wat, dink jy, beteken dit?

2. “Duck, die dak!”
   Vervang die woord “duck” met ’n gepaste Afrikaanse woord.

3. “Kaptein Kraakbeen maak ’n harde SKWÊK-geluid”
   Wat word dit genoem as ’n klank so nagemaak word?

4. Hoe word die seuns verras wanneer hulle aan die einde van die tonnel kom?

**Taalvrae**

5. Gee die sinonieme van die onderstreepte woorde:
   a. Justin twyfel of iemand dit sal kan sien.
   b. Kraakbeen fluit skril.
   c. Die tonnel vat ons see toe.
   d. Die fakkel is soos sy flits.

6. Bestudeer elke keer die sin, kyk waar die aksentteken gebruik word en verduidelik dan wat spesifiek beklemtoon word:
   a. Kaptein Kraakbeen gaan sit vinnig óp Justin se skouer.
   b. Kaptein Kraakbeen gaan sit vinnig op Jústin se skouer.
   c. Kaptein Kraakbeen gaan sit vinnig op Justin se skóúer.
   d. Kaptein Kraakbeen gaan sit vínnig op Justin se skouer.

7. Rangskik die volgende woord in alfabetiese orde:
   seereuk; seelug; seebriesie; seesout; seewier

# Hoofstuk 6
# 'n Geheime baai (bl. 32-37)

1. As jy die beskrywing van die baai op bladsy 32 lees, waaruit sou 'n mens kon aflei dat hierdie baaitjie weggesteek is?

2. Watter element van die seilskip dui aan dat dit nie sommer net 'n gewone seilskip is nie?

3. Watter een van die twee seuns is meer avontuurlustig as die ander een? Verduidelik jou antwoord.

4. Wat kan jy aflei uit die hangbruggie wat vasgemaak is aan die skip en die platform?

5. Hoe weet ons dat Liam se nuuskierigheid erger as bangheid en versigtig-wees is?

6. Waarom is dit vreemd dat die skip se naam Boekanier II is?

**Taalvrae**

7. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies:
   a. (sand) strandjie
   b. (nuuskierig) oë
   c. (wieg) skip
   d. (spieëglad) see

8. Gebruik die onderstreepte woorde en vorm 'n nuwe sin waarin jy die homofoon van die woord gebruik:
   a. Kraakbeen <u>peil</u> op Justin af.
   b. Die wolke lyk maar <u>vaal</u> in die blou lug.
   c. Die kranse is baie <u>steil</u>.
   d. Liam skep <u>moed</u> om aan boord te gaan.

9. Gee die trappe van vergelyking:
   a. bang
   b. steil
   c. welig
   d. geheimsinnig

# Hoofstuk 7
# “Ek is ’n seerower op ’n seerowerskip!” (bl. 38-42)

1. Hoe weet ons dat ’n mens selfs nie eers vanuit ’n vliegtuig dié baaitjie sal kan raaksien nie?

2. Justin en Liam fluister vir mekaar op bladsy 40. Watter emosie, dink jy, ervaar hulle?

3. Wanneer Justin en Liam in die kajuit is, wat trek hulle aandag die meeste?

4. Wat kom die twee agter ná Liam oor die kratte val?

**Taalvrae**

5. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede:
   a. Justin sê: “Die kranse is baie hoog.”
   b. Liam sê: “Ek is ’n seerower op ’n seerowerskip!”
   c. Justin vra: “Dink jy iemand bly op die skip?”
   d. Liam fluister: “Ons moenie te hard praat nie!”

6. Benoem die woordsoort van die onderstreepte woorde:
   a. Liam fluister skielik.
   b. Dink jy dis sy skip?
   c. Ek fluister, want jy fluister!
   d. Daar is drie sambrele in die pot.

7. Gee sinonieme vir die onderstreepte woorde:
   a. Justin vroetel met sy vingers in Kraakbeen se vere.
   b. “Ek is oukei!” grinnik hy.
   c. “Jy is ’n woeste seerower!”
   d. Liam struikel oor ’n krat.

# Hoofstuk 8
# 'n Vreemde fonds (bl. 43-47)

1. Watter interessante item kry hulle by die bed wat 'n mense nie noodwendig op 'n seerowerskip verwag nie?

2. Wie herken Justin op die eerste foto?

3. Wie is almal op die eerste foto?

4. Dit is egter die derde foto wat 'n mens se wenkbroue laat rek. Wie is op die derde foto, waarom maak dit 'n mens 'n bietjie bekommerd en wat dink jy impliseer dit?

5. Kaptein Kraakbeen laat die seuns skrik wanneer hy hard uitroep: "Kaptein Verwoes!" Wat het 'n vorige keer gebeur toe Kraakbeen dié naam uitgeroep het?

**Taalvrae**

6. Word die volgende sinne letterlik of figuurlik bedoel?
   a. Justin se hart klop vinniger.
   b. Liam se oë is vasgevries op die foto's.

7. Skryf die sinne oor en vul die leestekens op die regte plek in.
   a. Die kajuit het klein ronde vensters
   b. Dit is ek op die foto sê Liam
   c. Liam is bekommerd want hy is op die foto
   d. Justin sê Ek gaan die swaarde bêre

8. Kies die regte woord in hakies.
   a. Liam is bekommerd omdat hy homself op die foto's (erken/herken/beken) het.
   b. Ons wonder of Nicolas ooit later sal (erken/beken/herken/ontken) hoekom die foto's langs sy bed is.
   c. Tot dusver was hierdie beslis nie 'n (verveelde/vervelige) vakansie nie!
   d. 'n Mens sal sukkel om die strand deur die (bebosde/bosagtige/ontbosde) plantegroei te sien.

# Hoofstuk 9
# In die skeepsruim (bl. 48-53)

1. Justin is maar bang om in vreemde, donker plekke rond te loop. Watter twee goed help hom om moed te skep?

2. Hoe verskil die skeepsruim se kamers van ’n gewone huis se kamers?

3. Waarom is die vensters so hoog in die skeepsruim?

4. In hoofstuk een het ons gelees dat Nicolas, die kok, nie eintlik baie skoon en higiënies is nie. Wat op bladsy 51 bevestig hierdie feit?

5. Watter tipiese seerowerklere vind hulle in die trommels?

6. Weet jy wie is Jack Sparrow? Vertel!

7. Hoofstuk 8 se titel was “ ’n Vreemde fonds”, maar aan die einde van hierdie hoofstuk, ontdek die seus nóg ’n fonds! Wat kry hulle?

**Taalvrae**

8. Verdeel die volgende woorde in klankgrepe:
   a. kassies
   b. lapelle
   c. trommel
   d. verrassing

9. Gee die antonieme van die onderstreepte woorde:
   a. Die seuns sluip stilletjies by die trappe af.
   b. Kaptein Kraakbeen is beslis ’n baie bang papegaai!
   c. Justin is meer onseker as Liam om ondersoek in te stel.
   d. Tot dusver beskou die seuns Nicolas as ’n baie vriendelike kok.

10. Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm:
    a. Kaptein Kraakbeen maak sagte klikgeluidjies in Justin se oor.
    b. Liam kan iets deur die venster sien.
    c. Die seuns weet dat daar êrens ’n leidraad gaan wees.
    d. Alles in die skatkis blink!

# Hoofstuk 10
# Die skip se geheime (bl. 54-60)

1. Hoe stem die skatkis ooreen met dié wat Justin in die kasteel gesien het?

2. Wat is die versamelnaam van ’n klomp messegoed, borde en koppies?

3. Wat laat Justin dink dat die goed in die skatkis dalk dieselfde is as wat hulle in die kasteel gevind het?

4. Onderaan bladsy 54 is Liam baie bekommerd. Wat is dit wat hom so bekommerd maak?

5. Het jy al gehoor van die uitdrukking: Geluk by die ongeluk?
   Toe Justin sy “ongeluk” het en val, watter “geluk” het hy toe gevind?

6. Hoe stem die briefie in die ysterstaaf en die boek in die wegsteekplek ooreen?

7. Maak dit vir jou sin dat Justin dink dat hierdie skip ook aan Kaptein Verwoes behoort het? Verduidelik jou antwoord.

8. Wat roep Kaptein Kraakbeen op bladsy 59 uit wat hy nog nooit vantevore gedoen het nie?

9. Wat is vir Justin “creepy” op bladsy 60?

**Taalvrae**

10. Skryf die woorde neer en onderstreep die kern van elke woord.
    a. kaalkop
    b. spookstem
    c. skatkamer
    d. swaardlem

11. Skryf die sinne oor in die lydende vorm:
    a. Justin tel die swaard op.
    b. Kaptein Kraakbeen het ’n wolwefluit gegee.
    c. Hy maak die boek versigtig oop.
    d. “Dink jy Nicolas het die goed gesteel?”

12. Benoem die sinstipe van die volgende sinne:
    a. Wat was dit?
    b. Moenie die venster oopmaak nie!
    c. Daar staan ’n skatkis in die kamer.
    d. Ek wonder of Nicolas die goed gesteel het?

# Hoofstuk 11
# Dit was amper! (bl. 61-66)

1. In watter erge penarie bevind Justin en Liam hulle aan die begin van die hoofstuk?

2. Op bladsy 62 gebeur dinge nou baie vinnig. Haal ’n frase of woord aan wat dit bevestig.

3. Watter beeldspraak kry ons in die volgende sin?
   Die hangbrug se geskud en swaai voel soos ’n aardbewing onder hulle voete.

4. Justin vra vir Liam op bl. 63: “Dink jy Nicolas het ons gesien?” Hulle het so vinnig weggehardloop, dat Nicolas hulle heel moontlik nie gesien het nie, maar wat anders kon dalk gebeur het?

5. Haal ’n woord aan op bl. 63 wat beklemtoon dat Liam bang en gespanne is.

6. In watter penarie bevind die twee seuns hulle amper aan die einde van die hoofstuk?

7. Waaruit kan ons aflei dat selfs Kaptein Kraakbeen besef die situasie is effens gespanne?

**Taalvrae**

8. Word die volgende sinne letterlik of figuurlik bedoel?
   a. Dit voel of sy bloed in ys verander.
   b. Sy oë rek groot.
   c. Dit lyk of Liam spoed verloor.
   d. ’n Welkome ligstraal kloof deur die donker.

9. Rangskik die volgende woorde in alfabetiese orde:
   kelderdeur; Kraakbeen; keldermuur; kam; kelderrak; koekie; klik; kasteel

10. Watter klankverskynsel word gebruik wanneer ...
    a. ... <u>in</u> die as <u>innie</u> uitgespreek word?
    b. ... <u>fluit-fluit</u> as <u>flyt-flyt</u> uitgespreek word?
    c. ... <u>verlig</u> as <u>verlug</u> uitgespreek word?
    d. ... <u>terselfdertyd</u> as <u>tersellertyd</u> uitgespreek word?

# Hoofstuk 12
# Terug in die kasteel (bl. 67-71)

1. Justin sê twee keer vir Liam dat hy nie moet "worry" nie.
   Waaroor moet Liam "nie worry" nie?

2. Skryf die volgende sin in goeie Afrikaans oor:
   Liam, moenie worry nie.

3. Watter sin op blady 69 sê vir ons dat die kasteel regtig baie groot is?

4. Wie skrik net so groot soos hulle toe hulle in die gang af loop?

5. Liam wil nie regtig vir middagete bly en nie Justin wil juis hê Liam moet saam met hulle middagete eet. Wat is elkeen se spesifieke rede?

**Taalvrae**

6. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies:
   a. Die deur het erg (kraak) toe Justin dit oopskuif.
   b. Daardie koekie was baie (kraak)!
   c. Hy het met 'n (kraak) beker koffie gedrink.
   d. Daar is baie (kraak) in die spieël.

7. Verdeel die volgende woord in lettergrepe:
   a. uiteindelik
   b. opening
   c. koekies
   d. kombuisdeur

8. Benoem die woordsoort van die onderstreepte woorde:
   a. <u>Hulle</u> kom by die einde van die gang.
   b. <u>Iemand</u> soek 'n koekie.
   c. <u>Wanneer</u> gaan Liam die waarheid van die foto's weet?
   d. "Dalk weet <u>my</u> ouma iets van Nicolas af."

# Hoofstuk 13
# Wat weet Nicolas? (bl. 72-74)

1. Waarom, dink jy, steek Justin die vloerplan, die ysterstafie en die notaboek weg?

2. Noem twee redes waarom tannie Mary nie meer elke dag al die kamers in die kasteel skoonmaak nie.

3. Watter kompliment gee Justin se ma hom op bladsy 73?

4. Waarom kan Justin nie regtig Nicolas se gesigsuitdrukking sien toe hy in die vertrek inkom nie?

5. Benoem die beeldspraak in die volgende sin:
   Liam is so wit soos ’n spook.

6. Waarom is Liam so wit soos ’n spook?

**Taavrae**

7. Gee die korrekte vorm van die woorde in hakies:
   a. Ek vind dit baie (verveel) om na jou te luister.
   b. Dit was ’n (verveel) praatjie.
   c. Jy (vervelig) my!
   d. Ek is nie (verveel) nie!

8. Gee die verkleining van die volgende woorde:
   a. kasteel
   b. sap
   c. sluk
   d. skinkbord

9. Watter van die onderstaande woorde het ’n diftong? Skryf net daardie woorde neer en onderstreep die diftong:
   kaptein; gehoor; verveeld; gelaaide; moeilik; geluidjies

# Hoofstuk 14
# Liam se ouma (bl. 75-77)

1. Liam sê op bladsy 75: "Jy kan my nie betaal om weer naby hom te gaan nie." Wat bedoel hy hiermee?

2. Waaraan herinner Justin hom toe hy dit sê?

3. Watter interessante feit kom ons te wete van Liam se pa?

**Taalvrae**

4. Skryf die volgende oor in goeie Afrikaans:
   a. Ons beter onsself watch!
   b. Dan sal ek jou môre check.
   c. Promise jy?
   d. Baai, Antie, ek moet gaan.

5. Benoem die skryftekens in die volgende woorde:
   a. reën
   b. ma-hulle
   c. foto's
   d. SKWÊK

6. Skryf die sinne oor en vul die ontbrekende leestekens in.
   a. Die skinkbord is gelaai met broodjies koekies sap en sjokolade
   b. Ek soek 'n koekie sê Kaptein Kraakbeen
   c. Ek weet nie Mammie
   d. Die kasteel met baie kamers is baie stowwerig

# Hoofstuk 15
# Die notaboek (bl. 78-85)

1. Hoekom jok Justin aan tafel vir sy ma en tannie Mary?

2. Waarom sê Justin dat Kaptein Kraakbeen eintlik baie slim is?

3. Op bladsy 79 is die woorde van die dagboek anders geskryf as die res van boek. Waarom, dink jy, het die skrywer dit so gedoen?

4. Wat word Justin alles wys deur die notaboek te lees?

5. Justin het vroeg in die hoofstuk gesê dat Kaptein Kraakbeen eintlik baie slim is. Wat doen hy onder op bladsy 82 en bo-aan bladsy 83 wat dit bevestig?

6. Hoe weet Justin dat Kraakbeen met hom saamstem wanneer hy iets sê?

7. Waarmee stem Kraakbeen alles saam?

**Taalvrae**

8. Kies die korrekte voornaamwoord en skryf dit neer.
    a. Nicolas is die kok (wie/wat) elke dag die kos voorberei.
    b. Kaptein Kraakbeen is die papegaai (wie/wat) op Justin se skouer sit.
    c. Die notaboekie (wie/wat) vol stof is, laat vir Justin nies.
    d. Die skip, (wie/wat) in die baai lê, is baie oud.

9. Skryf die volgende sinne oor en gebruik die gegewe voegwoorde:
    a. Justin wil deur die notaboekie blaai. Hy jok vir sy ma. (daarom)
    b. Kaptein Verwoes het sy skip Boekanier II genoem. Hy wou hê sy nageslag moet die naam ken. (want)
    c. Kaptein Verwoes se kleinseun moet opgespoor word. Hy kan dan die kasteel erf. (omdat)
    d. Die notaboekie was vol stof. Kaptein Kraakbeen nies. (gevolglik)

10. Gee die meervoude van die volgende woorde:
    a. kasteel
    b. dubbelblad
    c. wolwefluit
    d. hok

# Hoofstuk 16
# Kraakbeen soek 'n koekie (bl. 86-89)

1. Haal 'n frase van ses opeenvolgende woorde op bladsy 86 aan wat vir ons wys dat Justin baie bang is.

2. Wanneer Justin aan die flits raak, is dit of hy nuwe krag kry. Hoe kan 'n mens die stelling figuurlik en letterlik verduidelik?

3. Waarom het Justin gevoel of hy nie kan asem kry nie?

4. Wat sien Justin in die half donker raak?

5. Dít wat Justin in die half donker sien, het nog elke keer gebeur wanneer daar iets buitengewoon wonderliks gebeur. Wat gebeur op bladsy 87?

6. Om die aand nog vreemder te maak, doen Kraakbeen op bladsy 88 iets wat hy gewoonlik nie doen nie. Wat is dit?

**Taalvrae**

7. Brei die volgende sinne uit deur byvoeglike naamwoorde en bywoorde te gebruik.
   a. Justin skrik wakker.
   b. Kaptein Kraakbeen sit bo-op sy hok.
   c. Kaptein Verwoes skryf in sy notaboek.
   d. Die skelms steel die skat.

8. Gee die intensiewe vorm van die woorde in hakies.
   a. Tannie Mary werk (alleen) in die kasteel.
   b. Sy sal (flou) wees as sy al die kamers op een dag moet skoon maak!
   c. Die kasteel is lekker vuil, so 'n skoonmaak is (nodig)!
   d. Kaptein Verwoes se ring sal vandag (duur) wees.

9. Verskaf die rede vir die koppelteken in die volgende woorde:
   a. pik-pik
   b. waggel-stappie
   c. Nicolas-hulle
   d. bo-op

# Hoofstuk 17
# Wie is in die kombuis? (bl. 90 -92)

1. Waaruit kan ons aflei dat Justin nie wil hê wie ook al in die kombuis is, moet hom sien nie?

2. Was jy, as leser, enigsins verras toe Justin sien wie in die kombuis is? Verduidelik jou antwoord.

3. Liam het in ’n vroeëre hoofstuk gesê hy vertrou nie vir Nicolas nie. Watter woorde op bladsy 91 sluit hierby aan?

4. Waar of Onwaar: Bruno en Nicolas is redelike goeie vriende. Motiveer jou antwoord.

5. Nicolas vertel vir Bruno van Jessie. Wat het hulle met Jesie gedoen?

6. Die twee mans kom nie weer uit die kombuis uit nie en die ligte word afgeskakel. Waarheen is hulle dan?

**Taalvrae**

7. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:
   a. Wie is in die kombuis?
   b. ’n Koue wind waai by die deur in.
   c. Nicolas wil tee drink en beskuit eet.
   d. Die kombuis- en spensligte gaan gelyk af.

8. Maak ’n nuwe sin met die onderstreepte woord se homoniem.
   a. Justin keer vir Kaptein Kraakbeen voor hy by die kombuis se <u>deur</u> instap.
   b. Bruno <u>hoef</u> nie te verduidelik hoekom hy koffie wil hê nie.
   c. Bruno het koffie nodiger as <u>kos</u>, sê hy!
   d. Nicolas <u>roer</u> kliphard sy tee met ’n teelepel.

9. Skryf die woorde oor en onderstreep elke keer die lettergreep wat die klem dra.
   a. buitedeur
   b. kajuit
   c. kuiergas
   d. spensligte

# Hoofstuk 18
# 'n Plan wat dalk kan werk (bl. 93-99)

1. Watter woord sê vir ons dat Justin nie eintlik wil hê iemand moet hom sien wanneer hy by die kasteel uit loop nie?

2. Waarom is Justin so haastig op pad uit?

3. Hoekom wil Justin so vinnig as moontlik by die strand uitkom?

4. Liam sê boaan bladsy 96 Justin se planne het "meer gate as 'n sif." Wat bedoel hy hier mee?

5. Watter groot "toevalligheid" kom Liam agter ná Justin hom van die inhoud van die nota boek vertel?

6. Liam was nog altyd baie versigtig en beslis minder avontuurlustig as dit kom by die ondersoek van die geheime tonnels, die skip of enige iets wat met Nicolas te doen het. Maar op bladsy 97 is hy die een wat skielik sê: "Dis nog 'n rede hoekom ons moet terug-gaan!" Waaroor is hy nou so opgewonde?

7. Hoe gaan Kaptein Kraakbeen die twee seuns help om by Jessie uit te kom?

**Taalvrae**

8. Plaas deeltekens op die volgende woorde waar nodig:
   idee, geeet, vroeg, reen, vlieenier, moee, gereeld

9. Kies die korrekte spelling van die woorde in hakies:
   a. Justin kon (gistraand/gisteraand) nie lekker slaap nie.
   b. Justin klop om (seweuur/sewe-uur/sewe uur) aan Liam se voordeur.
   c. "Wie's Jessie?" vra Liam (verwardt/verward).
   d. Daar is 'n klomp dinge waar Kaptein Kraakbeen vir Justin (herhinder/herhinner/herinner).

10. Rangskik die woorde in alfabetiese orde:
    oorfoon, ook, ongeluk, opgewonde, oupa, onderwyser, onderdeur

# Hoofstuk 19
# ’n Senutergende paar minute (bl. 100-105)

1. Waar of Onwaar: Dit is normaal vir Liam om so vroeg in die oggend by Justin te kuier.

2. Wie krap amper die seuns se planne om?

3. Watter woorde moet hardop gesê word vir die ysterstafie om te werk?

4. Watter emosie ervaar Justin op bladsy 103 as daar staan “Sy maag maak ’n draai”?

5. Wat beteken dit as daar staan “ons moet wikkel”? (bl. 104)

**Taalvrae**

6. Deel die woorde in lettergrepe en sê of dit ’n geslote of oop lettergreep is:
   a. senutergende
   b. presies
   c. ysterstafie
   d. wyer

7. Vul die korrekte voorsetsel by elke sin in:
   a. Kaptein Kraakbeen sit ___ Justin se skouer.
   b. Justin en Liam kruip ___ die spensdeur weg.
   c. Bruno en Nicolas staan en stry ___ die kombuis.
   d. Justin en Liam moet hul skuif ___ die regte oomblik maak.

8. Skryf die sinne oor in die indirekte rede:
   a. “Ek hoor iets!” sê Liam.
   b. Bruno vra: “Moet ek agter die spensdeur wag?”
   c. Justin het gesê: “Daar is net vier grendels.”
   d. Liam sê: “Kom, ons met wikkel.”

# Hoofstuk 20
# In die tonnel (bl. 106-111)

1. “Dit voel of die geluid dwarsdeur hom sny.”
   Moet ons hierdie woorde letterlik of figuurlik verstaan? Verduidelik jou antwoord.

2. Hoekom voel en bevat Justin so aan die rotswand?

3. Wie is nou die versigtige een wanneer hulle voor die nuwe tonnel staan?

**Taalvrae**

4. Noem of die werkwoord in die sin skeibaar of onskeibaar is:
   a. “Ek wil nie ’n kans vat dat hy die geheime deur hoor <u>oopgaan</u> nie.”
   b. Kaptein Kraakbeen gaan sy koekie <u>opeet</u>.
   c. Wanneer al die geheime opgelos is, sal Liam en Justin op die strand kan <u>baljaar</u>.
   d. “Ek wil nie in die tonnel <u>vasgevang</u> word nie!”

5. Vervang die bysin of bepaling in hakies met een woord:
   a. Jy gebruik gewoonlik ’n flits (in die aand) as daar nie ligte is nie.
   b. Nicolas werk (elke dag) in die kombuis.
   c. Jessie is in die (slaapkamer van ’n skip).
   d. (As dit nag is) skyn die sterre helder oor Boekanier II.

6. Benoem die beeldspraak in die volgende sin:
   “Vir wat briek jy in die middel van die pad soos ’n kat wat bang is om te bad?”

7. Vervang die onderstreepte woord met ’n goeie Afrikaanse een:
   “Haai, ek het skielik ’n <u>crazy</u> idee!”

# Hoofstuk 21
# Waarvoor is die rooi kruisie op die kaart?
# (bl. 112-116)

1. Wat kry hulle in die grot?

2. Waar of Onwaar: die grot is baie klein.

3. Kaptein Kraakbeen gee ’n wolwefluit wanneer Justin sê dat die hefboom dalk iets met die ander kruisie op die kaart te doen het. Wat dink jy gaan gebeur as hulle daardie hefboom afdruk?

4. Wat maak hierdie rotsdeur anders as die ander geheime deure?

**Taalvrae**

5. Watter klankverskynsels word gebruik wanneer …
    a. … *skyn* as *skuin* uitgespreek word?
    b. … *in die middel* as *innie mirrel* uitgespreek word?
    c. … *kruisie* as *krysie* uitgespreek word?
    d. … *probeer* as *probeur* uitgespreek word?

6. Gee die korrekte vorm van die deelwoorde in hakies:
    a. Die (fluit) en (fladder) van Kaptein Kraakbeen help gereeld vir Justin en Liam.
    b. Liam tel Justin al (sweet) op om by die lysie uit te kom.
    c. Die (lag) seuns het die lysie laat beweeg.

7. Skryf die sinne oor en onderstreep die bysin in elk.
    a. Justin skyn die flits terwyl hulle rondkyk.
    b. Justin kyk na Kaptein Kraakbeen wat rustig sy vere sit en kam.
    c. Liam, wat nie sy pap geëet het nie, moet vir Justin optel.
    d. Die seuns lag en klap hande omdat hulle die opening toe gekry het.

# Hoofstuk 22
# ’n Reddingspoging (bl. 117-121)

1. Haal die vergelyking in die eerste paragraaf van die hoofstuk aan.

2. Die ongelooflik baai met die digte blaredak is só mooi dat dit die seuns se aandag vir ’n oomblik van hulle doelwit afneem. Wat is hulle doelwit?

3. Hoekom is Liam vir Justin vies op bladsy 119?

**Taalvrae**

4. Skryf die volgende oor in goeie Afrikaans:
   a. Dit bly maar awesome.
   b. Dis soos iets uit die movies!
   c. Die plek is wow!
   d. Die moet supercool wees!

5. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en onderstreep die lettergreep wat die klem dra:
   a. seerowereiland
   b. senuweeagtig
   c. kreunende
   d. maspale

6. Is die volgende sinne enkelvoudig of saamgesteld?
   a. Liam en Justin stap deur die tonnel tot by die blaregordyn.
   b. Gister het die son geskyn terwyl dit gereën het.
   c. Bruno se toksak, wat teen die bed lê, is bruin.
   d. Hy onthou van die twee seerowerhoedens wat hy tussen die kratte ingedruk het.

# Hoofstuk 23
# 'n Onverwagse ontmoeting (bl. 122-127)

1. Hoekom lyk die kamer vir die seuns soos 'n kuierkamer?

2. Kaptein Kraakbeen is nie baie lief vir katte nie. Wat doen hy elke keer wanneer hy 'n kat sien?

3. Hoe word die geheim van wie Jessie is, ontrafel?

4. Hoe voel dit wanneer jy voel of daar ysblokkies agter in jou hemp gegooi word?

5. Waaroor stem Nicolas met Justin saam?

6. In die middel van bladsy 124 is Justin baie bly dat sy ma na hom soek en dat sy baie bekommerd is oor hom. Hoekom, dink jy, is hy bly?

7. Bo-aan bladsy 125 pak Liam die spreekwoordelike bul by die horings. Wat doen hy?

8. Justin besef dat Nicolas nou bietjie anders as gewoonlik is. Wat merk hy op?

9. Wat is "Nato standard"-koffie?

10. Klink die volgende woorde vir jou of dit van 'n seerower uit 'n nagmerrie kan kom? "Mmm, lekker. Kry vir julle, manne. Dan kan ons praat." Verduidelik jou antwoord.

**Taalvrae**

11. Skryf die volgende woorde neer en onderstreep die bepaler van die woord:
    a. boekrak
    b. ysblokkies
    c. piepgeluid
    d. middagete

12. Is die volgende woorde 'n samestelling of afleiding?
    a. ontmoet
    b. kuierkamer
    c. halsband
    d. geluidjie

13. Noem of die volgende woorde 'n skryf- of leesteken bevat en benoem dan ook die skryf- of leesteken.
    a. "NATO-standaard-koffie"
    b. "maar ..."
    c. "foto's"
    d. "Hý"

# Hoofstuk 24
# Nicolas se storie (bl. 128-132)

1. Met watter skokkende nuus begin Nicolaas die gesprek terwyl hulle koffie drink?

2. Wat het Liam al die jare gedink het met sy pa se tweelingbroer gebeur?

3. Hoe bewys Nicolas dat hy eintlik familie van Liam is?

4. Waar of Onwaar: Liam en sy oom Vossie het ’n goeie verhouding gehad.

5. Wat is die rede vir Nicolas se oogklap?

6. Waarom het Nicolas nie kontak met Liam gehou nie?

7. Dink jy Nicolas het die regte ding gedoen deur nie kontak met Liam te maak nie? Verduidelik jou antwoord.

8. Die hoofstuk eindig waar Justin met meer vrae as antwoorde sit. Watter een van die vrae wil jy die graagste beantwoord hê?

**Taalvrae**

9. Lees elke keer die sin en skryf dit dan oor na die soort sin wat gevra word.
   a. Ek onthou dit. (toekomende tyd)
   b. Ek skuld jou ’n verduideliking. (vraagsin)
   c. Twee blondekop seuns grinnik vir die kamera. (verlede tyd)
   d. Nicolas het vir hulle papiere aangegee. (teenwoordige tyd)

10. Gee die korrekte vorm van die woorde in hakies.
    a. Dit is die foto (op+wat) Liam homself herken het.
    b. Dit was die ongeluk (van+wat) ek jou vertel het.
    c. Die flits (met+wat) Justin alles verlig, is nie meer nodig nie.
    d. Die geheim (vir+wat) Liam bang was, is toe glad nie so erg as wat hy gedink het nie.

11. Skryf die woorde oor en onderstreep die pre- of postmorfeem. (voor- of agtervoegsel)
    a. onsigbaar
    b. blinde
    c. bewys
    d. katjie

# Hoofstuk 25
# Kraakbeen weet (bl. 133-138)

1. Nicolas se aksie verraai dat hy iets van Johannes Vosloo weet. Waaruit kan ons aflei dat hy iets weet?

2. Wat is Johannes Vosloo van Liam?

3. Wat het Nicolas alles in sy pa se dokumente wys geraak?

4. Waarom erf Nicolas nie die kasteel nie?

5. Soos wat 'n mens die res van hierdie hoofstuk lees, is dit duidelik dat Kaptein Kraakbeen alles behalwe 'n doodgewone African Grey-papegaai is! Verduidelik hoekom jy saamstem met hierdie stelling.

6. Waarom wil Nicolas nie nou al vir almal vertel dat hy die erfgenaam van Kaptein Verwoes is nie?

7. Hoe pas Bruno in die prentjie?

**Taalvrae**

8. Skryf die sinne oor in die negatiewe vorm.
    a. Julle weet iets van Johannes Vosloo!
    b. Die kaart het die baai en kasteel gewys.
    c. Nicolas wil die skip op sy naam laat registreer.
    d. As iemand van die weggesteekte baai weet, sal ons dit kan beskerm.

9. As watter woordsoort word die onderstreepte woord in die sin gebruik?
    a. Bruno en Nicolas wil al die pad na Houtbaai <u>seil</u>.
    b. Hulle sal moet seker maak dat die skip se <u>seil</u> in 'n goeie toestand is.
    c. Justin se <u>mond</u> hang oop.
    d. Die rivier <u>mond</u> uit in die see.

10. Deel die woorde in lettergrepe en sê of dit 'n geslote of oop lettergreep is:
    a. asseblief
    b. oupagrootjie
    c. erfporsie
    d. millimeter

# Hoofstuk 26
# 'n Gelukkige einde (bl. 139-143)

1. Waarom kan die idee van 'n hefboom wat rotse skuif, dalk net werk volgens Nicolas?

2. Wat sou jy verkies om die grot mee te verlig: die fakkel of Justin se flits?

3. Waarom kon Justin en Liam nie aanvanklik die hefboom beweeg nie?

4. Wat gebeur toe die hefboom afgedruk word?

5. Stem jy saam met die titel van die hoofstuk? Verduidelik jou antwoord.

**Taalvrae**

6. Skryf elke keer die sin oor en begin met die woord(e) wat onderstreep is:
   a. Daar is 'n kruisie <u>by die hefboom</u>.
   b. Nicolas vat die boekie <u>met hande wat bewe van opgewondenheid.</u>
   c. Twintig minute later staan <u>al vier</u> in die grot.
   d. Justin slaan <u>met sy handpalm</u> teen sy voorkop.

7. Die volgende vrae word op die onderstaande sin gebaseer:
   "Ek sien baie daarna uit om met so 'n skip te kan seil."

   Skryf nou slegs die woord neer wat nodig is om te beklemtoon om die gegewe vraag te kan beantwoord. Skryf ook die woord met sy aksentteken(s) neer.

   a. Watter woord moet jy beklemtoon as jy regtig ongelooflik daarna uitsien om te kan seil?
   b. Watter woord moet jy beklemtoon as jy na 'n spesifieke skip verwys?
   c. Watter woord moet jy beklemtoon as jy spesifiek wil seil en nie wil roei nie?
   d. Watter woord moet jy beklemtoon as jy na jouself verwys wat wil seil en nie na Bruno nie?

8. Is die volgende sinne enkelvoudig of saamgesteld?
   a. Ons het hierdie boek gister op die skip gevind.
   b. By hierdie kruisie is 'n hefboom wat maar moeilik werk.
   c. Nicolas hou die fakkel in sy hand vas.
   d. Die man in die skadu's knipoog en glimlag vir Justin, en toe verdwyn hy.

# Voorgestelde antwoorde
# Die omslag van die boek

1. Die Titel: Justin Fortuin, Seerower
    - Die naam "Justin Fortuin" laat 'n mens besef dat dit een van die twee karakters op die voorblad is.
    - Die woord "Seerower" herinner dadelik aan avontuur, die see, aan skepe, aan matrose en aan gevaar.

   Die Prentjie:
    - Daar is twee seunskarakters – ons weet nog nie wie Justin is nie.
    - Tussen die twee seuns is daar 'n flitslig wat dui op geheimsinnigheid; die soek van iets in die donker.
    - Die kaart in die agtergrond laat 'n mens dink aan 'n skattejag of aan versteekte skatte wat ver weggesteek is op 'n eiland.
    - Daar is 'n silhoeët van 'n man en een of ander voël. Die figuur lyk of hy effens buk ... dalk soek hy na die skat!

2. Die naam van die boek – Justin Fortuin, Seerower
   Die naam van die skrywer – Theresa van Baalen
   Daar is 'n klein "2" heel bo-aan geskryf, wat dui dat dit die tweede boek in die reeks is.
   Heel onder is die logo van die uitgewer, naamlik LAPA.

3. Lokteks.

4. Oor die derde geheime tonnel wat die seuns gevind het.

5. "geheime"; "geheimsinnige"; "kasteel"; "tonnel"; "raaisels"; "seilskip"; "skat"

6. LAPA Uitgewers.

7. Strepieskode.

8. Die kode word elektronies gelees en bevat al die intliging oor die boek: prys, uitgewer, hoeveelste uitgawe dit is.
   Wanneer jy 'n boek bestel, moet jy die syfertjies aan die bokant gebruik wat begin met die afkorting ISBN.
   ISBN staan vir Internasionale Standaard Boeknommer. Net soos wat 'n skandeerder die strepieskode lees en al die inligting oor die boek kan sien, net so kan die ISBN-nommer jou al die inligting gee.

# Hoofstuk 1
# 'n Reenerige dag (bl. 5-9)

1. Liam wen hom elke keer.

2. Die mure is baie dik; daar is vier smal vensters en hy slaap op 'n hemelbed met gordyntjies.
Nee – dit is beslis nie tipies van 'n seun se slaapkamer nie! Die blou wel, maar nie die hemelbed met gordyntjies nie.

3. Onwaar. Tannie Mary is die opsigter, dit beteken sy hou 'n ogie oor die Kasteel en sorg dat alles reg is.

4. Kaptein Kraakbeen is 'n African Grey-papegaai wat kan praat; sy naam is nogal anders! Dit was 'n present van tannie Mary. Gewoonlik koop jou ma of pa vir jou 'n troeteldier.

5. Tannie Mary het gesê dat Kaptein Kraakbeen vir die eerste keer in 'n baie lang ruk gewys het dat hy van iemand hou, toe hy op die heel eerste dag op Justin se hand geklim het. Daarom het sy hom vir Justin gegee. As hy nie op Justin se hand geklim het nie, het sy dalk nie eers daaraan gedink om dit vir hom te gee nie.

6. Nicolas is die kasteel se kok, maar hy lyk 'n bietjie soos 'n seerower: hy het 'n litteken op sy wang, hy dra 'n oogklap en volgens Liam het hy altyd 'n suur uitdrukking op sy gesig.

7. Sy voorskoot is altyd vuil. Ironies vir 'n kok, want jy moet die kosmaakproses met alles wat skoon is, hanteer.

8. "... ons was nog nie oral nie."

9. 'n Vloerplan is 'n tekening (twee-dimensioneel) wat 'n argitek maak wanneer hy 'n huis/gebou wil bou. Die mure, deure, vensters en die grootte van die huis word mooi daarop aangedui.

10. Hulle gaan vir geheime tonnels en kamers soek.

### Taalvrae

11. a) skoot-re-ke-naar
b) op-win-dend-ste
c) lig-grys
d) skaats-plan-ke

12. a) hokke
b) papegaaie
c) voorskote
d) kastele

13. a) <u>venster</u>s
b) <u>duur</u>der
c) uit<u>asem</u>
d) <u>reën</u>erige

# Hoofstuk 2
# Planne om die kasteel te verken (bl.10-15)

1. Dit is baie groter met meer kamers en gange daarop as wat ’n gewone huis het.

2. Hy roep skril uit “Kaptein Verwoes”.

3. Die seilskip op die tapisserie het begin beweeg asof dit ’n fliek was wat afgespeel het.

4. In die geheime kamer langs die biblioteek.

5. Net ’n familielid. Jy sal moet kan bewys dat jy ’n nasaat (familielid) van Kaptein Verwoes is. As niemand opgespoor kan word nie, sal die eienaar van die kasteel die skat erf.

6. Waar. “... geheime kamer na die grot bo die strand.”

7. Daar is ’n derde tonnel sonder ’n eindbestemming wat hulle nog nie vantevore gesien het nie.

8. Hy sal vir hulle vra wat hulle daar soek en hulle heel moontlik uit die kombuis jaag. (Ons kan aflei omdat hy altyd ’n suurgesig het, dit nie juis aangenaam is om met hom te gesels nie of dat hy nie juis vriendelik is nie.)

9. Die ring om Kaptein Kraakbeen se poot.
   Die ysterstafie in Kaptein Kraakbeen se hok waarop hy kan sit.

**Taalvrae**

10. a) bepaalde hooftelwoord
    b) byvoeglike naamwoord (attributief)
    c) werkwoord
    d) bepaalde rangtelwoord

11. a) Justin het die vloerplan van die kasteel oopgerol.
    b) Daar was sitplek vir twintig mense.
    c) “Weird!” het die twee seuns gelyk gefluister.
    d) Die papegaai het sy vere gesit en kam.

12. a) Uitroepsin
    b) Vraagsin
    c) Stelsin
    d) Bevelsin

# Hoofstuk 3
# Waar is Nicolas? (bl. 16-21)

1. Hulle kan sê dat Kaptein Kraakbeen ’n koekie soek.

2. Hy kan dan rustig kyk wat daar alles is en op sy tyd besluit wat om te eet. As hy in die spens staan, kan sy ma ook nie kla dat hy in die pad is of die kasdeure ooplos nie.

3. Die ander twee tonnels het geheime deure gehad wat versteek was. Hierdie tonnel se deur is nie versteek nie.

4. Nee. Hy fluit kliphard en sy stert is bloedrooi – mens kan hom maklik raaksien.

**Taalvrae**

5. a) kombuis
b) oopswaai
c) outydse
d) geheimsinnig

6. a) spensie
b) snaweltjie
c) huisies
d) hoekie

7. a) Hy sal ’n koekie eet.
b) My ouma se huis sal nie ’n spens hê nie.
c) Dit sal jou skuld wees!
d) Sal hy hiérvan hou?

# Hoofstuk 4
# ’n Geheime deur (bl. 22-27)

1. ’n Kelder kry jy onder ’n huis, gewoonlik sonder vensters.
   ’n Solder is die heel boonste verdieping of net onder die dak.

2. Agter die boekrak, agter die wynrak of dalk in een van die drie seetrommels.

3. “Die hare op Justin se arms staan regop van die skrik.”
   “Sy hart klop in sy ore.”

4. Dit beteken hulle is op die regte spoor wat die oopmaak van die deur betref. Wanneer Justin iets sê wat reg is, fluit Kaptein Kraakbeen gewoonlik hard in ooreenstemming.

5. Net soos wat jy boeke uit die rak haal, kan jy ook met die bottels doen. As daar ’n hefboom agter of onder ’n boek versteek is, kan dit ook onder of agter ’n bottel versteek wees.

6. Hy besef dat as een van die bottels as hefboom gebruik word, dit nie stowwerig gaan wees nie. Hulle moet dus net soek vir ’n bottel wat nie ’n lagie wit stof op het nie.

**Taalvrae**

7. a) spierwit
   b) bloedrooi
   c) goudgeel
   d) grasgroen

8. a) skreeuende
   b) dowwer
   c) jeukende
   d) stowwerige

9. a) bo-tel
   b) gri-nik
   c) to-nel
   d) ra-ke

# Hoofstuk 5
# Waarheen lei die tonnel? (bl. 28-31)

1. Hy beplan om weer die tonnel te gebruik. / Hy gebruik gereeld die tonnel.

2. Oppas, Koes, Pasop

3. Klanknabootsing.

4. Hulle het gedink dit gaan hul tot by die strand neem en hulle gaan die see sien. Maar aan die einde van die tonnel was daar 'n digte blaregordyn wat oor die tonnel gehang het.

**Taalvrae**

5. a) wonder
   b) skerp
   c) neem
   d) nes

6. a) Beklemtoon waar Kraakbeen gaan sit.
   b) Beklemtoon dat hy op spesifiek Justin se skouer gaan sit en nie op Liam se skouer nie.
   c) Beklemtoon dat hy spesifiek op die skouer gaan sit en nie op sy arm of hand nie.
   d) Beklemtoon die manier hoe hy gaan sit het – dat dit vinnig was en nie stadig nie.

7. seebriesie; seelug; seereuk; seesout; seewier

# Hoofstuk 6
# ’n Geheime baai (bl. 32-37)

1. Daar is baie hoë kranse en rotse reg rondom die baai; die kranse is met digte/welige plantegroei bedek en vorm ’n blaredak met die lig wat net hier en daar deurskyn.

2. Die swart vlag met die kopbeen op.

3. Justin is meer avontuurlustig, want hy wil sommer dadelik na die skip gaan. Liam is ’n bietjie meer versigtig en is bang dat daar dalk iemand (dalk seerowers) op die skip gaan wees. Wanneer Kaptein Kraakbeen hard uitroep wil Liam ook liewer terugdraai, terwyl Justin eerder wil gaan kyk wie op die skip is.

4. Die skip word tans gebruik; hy gaan nie vinnig êrens heen nie en daar is mense wat in en uit beweeg.

5. Hy is bang om op die skip te klim, maar wanneer Justin na die hangbrug stap, wil hy nie agterbly nie en stap hy agter Justin aan.

6. Dit word beskou as slegte geluk om ’n nuwe skip die naam van ’n gesinkte skip te gee en Kaptein Verwoes se eerste skip se naam was Boekanier.

**Taalvrae**

7. a) sanderige  
b) nuuskierige  
c) wiegende  
d) spieëlgladde

8. a) Seerowers skiet nie met ’n <u>pyl</u> en boog nie.  
b) Die seerowers sou <u>faal</u> in hul poging om die skat weg te steek.  
c) Die baadjies in die trommel is in ’n outydse <u>styl</u> gemaak.  
d) Liam weet hy <u>moet</u> ook aan boord gaan.

9. a) banger; bangste  
b) steiler; steilste  
c) weliger; weligste  
d) geheimsinniger; geheimsinnigste / meer geheimsinnig; mees geheimsinnig

# Hoofstuk 7
# "Ek is 'n seerower op 'n seerowerskip!" (bl. 38-42)

1. Die blare (van die bome en rankplante) is so dig dat dit 'n afdak vorm en wanneer Justin na bo kyk, sien hy omtrent net groen raak. Hy sien nie die blou van die lug nie.

2. Hulle is effens senuagtig; bang; benoud;skrikkerig.

3. Die swaarde in die groot ronde koperhouer.

4. Hulle sien 'n bed met komberse en kussings en dis duidelik dat iemand daar slaap.

**Taalvrae**

5. a) Justin sê dat die kranse baie hoog is. / Justin sê die kranse is baie hoog.
   b) Liam sê opgewonde dat hy 'n seerower op 'n seerowerskip is. / Liam sê opgewonde hy is 'n seerower op 'n seerowerskip.
   c) Justin vra of hy dink dat iemand op die skip bly.
   d) Liam fluister gespanne dat hulle nie te hard moet praat nie.

6. a) Bywoord van wyse.
   b) Persoonlike voornaamwoord; Besitlike voornaamwoord.
   c) Voegwoord.
   d) Voorsetsel.

7. a) vryf
   b) lag
   c) wilde
   d) val

# Hoofstuk 8
# 'n Vreemde fonds (bl. 43-47)

1. Geraamde foto's.

2. Nicolas.

3. Liam, sy ma en oom Leon.

4. Liam is op die derde foto. Dit is bitter vreemd dat daar 'n onlangse foto vanhom in die skip is ... dit kan dalk beteken dat iemand hom dophou.

5. Justin het hom verbeel dat hy Kaptein Verwoes se spook gesien het.

**Taalvrae**

6. a) letterlik
   b) figuurlik

7. a) Die kajuit het klein, ronde vensters.
   b) "Dit is ek op die foto," sê Liam.
   c) Liam is bekommerd, want hy is op die foto.
   d) Justin sê: "Ek gaan die swaarde bêre."

8. a) herken
   b) erken
   c) vervelige
   d) bosagtige

# Hoofstuk 9
# In die skeepsruim (bl. 48-53)

1. Sy flitslig en die feit dat Kaptein Kraakbeen op sy skouer sit.

2. Die dak is baie laag (Justin kan amper daaraan raak) en die trap is nie so lank as wat dit in 'n huis sou wees nie. Die vensters is ook baie hoog en jy moet omtrent op jou tone staan om uit te kan sien.

3. As die vensters laer is, sal die water instroom. Dit sal dan onder seevlak wees en veroorsaak dat die skip water inneem en sink.

4. Daar is 'n stuk vis wat nog in die pan lê sonder 'n deksel. Jy moet kos bêre of weggooi of darem net 'n deksel op die pan sit sodat die vlieë nie daarby kan uitkom nie!

5. 'n Swart baadjie met 'n wye kraag, lapelle en twee rye blink koperknope, 'n swart hoed met kante wat omkrul in 'n driehoekige vorm.

6. Hy is die bekende seerowerkaptein wat in 'n hele reeks flieks, getiteld *Pirates of the Caribbean*, speel. Hy sukkel altyd om beheer van sy skip, Black Pearl, terug te kry.

7. Die vierde trommel is 'n skatkis.

**Taalvrae**

8. a) ka-sies
b) la-pe-le
c) tro-mel
d) ve-ra-sing

9. a) raserig
b) dapper/brawe
c) oortuig
d) nors/stuurs/onbeskofte

10. a) Kaptein Kraakbeen maak <u>nie</u> sagte klikgeluidjies in Justin se oor <u>nie</u>.
b) Liam kan niks deur die venster sien <u>nie</u>.
c) Die seuns weet dat daar <u>nêrens</u> 'n leidraad gaan wees <u>nie</u>.
d) <u>Niks</u> in die skatkis blink <u>nie</u>!

# Hoofstuk 10
# Die skip se geheime (bl. 54-60)

1. Dit is vol goud en silwer.

2. Eetgerei.

3. Die swaard in die kis lyk presies soos een wat die skelms gehad het.

4. Sy oom Leon was ’n skelm. Dit lyk of Nicolas ook die goed in die skatkis gesteel het en nou is Liam bekommerd dat sy pa dan ook ’n skelm was.

5. Met die valslag het die swaard op ’n geheime skakelaar gedruk en ’n valdeur in die grond het oopgeskuif. Daar is ’n ou boek in die stowwerige wegsteekplek gebêre.

6. Beide is deur Kaptein Verwoes geskryf. Sy handskrif stem ooreen op beide dokumente.

7. Ja, want die boek is duidelik baie oud en op ’n vreemde plek weggesteek. Iets wat net die eienaar van die skip sou weet. Die handskrif in die boek is ook Kaptein Verwoes s’n. Sy eerste skip se naam was Boekanier en alhoewel dit slegte geluk is om die naam van ’n skip te gebruik indien dit verongeluk het, maak dit tog sin dat hy sy tweede skip ook so vernoem het … juis omdat die eerste skip net gesink het en nie gestrand het nie.

8. Hy roep Nicolas se naam uit.

9. Nicolas het ’n foto van Liam langs sy bed.

**Taalvrae**

10. a) kaal<u>kop</u>
b) spook<u>stem</u>
c) skat<u>kamer</u>
d) swaard<u>lem</u>

11. a) Die swaard word deur Justin opgetel.
b) ’n Wolwefluit is deur Kaptein Kraakbeen gegee.
c) Die boek word versigtig deur hom oopgemaak.
d) Dink jy die goed is deur Nicolas gesteel?

12. a) Vraagsin.
b) Bevelsin.
c) Stelsin.
d) Vraagsin.

# Hoofstuk 11
# Dit was amper! (bl. 61-66)

1. Hulle is nog in die skeepsruim en Nicolas is op pad soontoe … hy gaan hulle dus daar vang!

2. “laat spaander”
“laat nie op hom wag nie”
“hardloop vir al wat hulle werd is”

3. Vergelyking. Die beweging van die brug word vergelyk met die beweging wat ’n aardbewing veroorsaak.

4. Hy kon hulle gehoor het toe hulle by die kamer en oor die dek en brug gehardloop het. Selfs ook die wolwefluite wat Kaptein Kraakbeen so baie gee!

5. “angstig”

6. Nicolas kon maklik vir hulle in die tonnel gekry het, want Justin-hul kon amper nie vinnig genoeg die deur na die kelder oopmaak nie.

7. Hy fluister in Justin se oor “Kraakbeen soek ’n koekie” waar hy dit gewoonlik hardop fluit.

**Taalvrae**

8. a) figuurlik
b) letterlik
c) letterlik
d) letterlik

9. kam; kasteel; kelderdeur; keldermuur; kelderrak; klik; koekie; Kraakbeen

10. a) assimilasie
b) ontronding
c) oorronding
d) assimilasie

# Hoofstuk 12
# Terug in die kasteel (bl. 67-71)

1. Liam moenie bekommerd wees oor Nicolas nie – hulle sal uitvind wie en wat hy van Liam is. En dan het Liam onthou van die pakkie koekies wat hy op die skip vergeet het. Hy is bang Nicolas het dit raakgesien.

2. Liam, moenie bekommerd wees nie.
   Liam, moenie jouself bekommer nie.

3. "Ken jy die pad tot by die voordeur?"
   "Ek is nie nou lus om te verdwaal nie."

4. Tannie Mary.

5. Liam vertrou nie vir Nicolas nie en hy wil hom nie sien voor hy nie weet waar hy in sy familie inpas en hoekom sy foto langs Nicolas se bed is nie.
   Justin wil weer nie alleen vir Nicolas sien nie – vir in geval hy kan agterkom dat Nicolas weet dat hulle op die skip was.

**Taalvrae**

6. a) gekraak
   b) krakerig
   c) gekraakte
   d) krake

7. a) uit-ein-de-lik
   b) o-pe-ning
   c) koe-kies
   d) kom-buis-deur

8. a) Persoonlike voornaamwoord
   b) Onbepaalde voornaamwoord
   c) Vraende voornaamwoord
   d) Besitlike voornaamwoord

# Hoofstuk 13
# Wat weet Nicolas? (bl. 72-74)

1. Hy wil nie hê enige iemand moet weet dat hy dit het nie – veral nie Nicolas nie! En as iemand dit kry, gaan hulle dit heel moontlik by hom afneem – en dan kan hy en Liam nie al die geheime van die kasteel ontdek en ontrafel nie.

2. Daar is te veel kamers en sy kom nie by almal uit nie. Die eienaar kom nooit na die kasteel toe nie, so sy het opgehou om te probeer om by almal uit te kom.

3. Hy is baie goed met rigting – selfs beter as GPS!

4. Nicolas se oogklap verberg ’n groot deel van sy gesig.

5. Vergelyking.

6. Nicolas het die pakkie koekies, wat Liam op die skip vergeet het, saamgebring en voor Justin op die tafel neergesit.

**Taavrae**

7. a) vervelig
   b) vervelige
   c) verveel
   d) verveeld/vervelig

8. a) kasteeltjie
   b) sappie
   c) slukkie
   d) skinkbordjie

9. kaptein; gelaaide; moeilik; geluidjies

# Hoofstuk 14
# Liam se ouma (bl. 75-77)

1. Selfs al word hy betaal, sal hy nie sy voete naby Nicolas sit nie. Hy wil hom regtig glad nie sien nie.

2. Hy herinner hom daaraan dat hy wil uitvind hoekom sy foto langs Nicolas se bed is en dat hy wat Justin is dit nie alleen gaan doen nie.

3. Hy het 'n tweelingbroer gehad.

**Taalvrae**

4. a) Ons beter versigtig wees!
   b) Dan sal ek jou môre sien.
   c) Belowe jy?
   d) Totsiens, Antie, ek moet gaan. / Totsiens, Tannie, ek moet gaan.

5. a) deelteken
   b) koppelteken
   c) afkappingsteken
   d) kappie

6. a) Die skinkbord is gelaai met broodjies, koekies, sap en sjokolade.
   b) "Ek soek 'n koekie," sê Kaptein Kraakbeen.
   c) Ek weet nie, Mammie.
   d) Die kasteel, met baie kamers, is baie stowwerig.

# Hoofstuk 15
# Die notaboek (bl. 78-85)

1. Hy kan nie vertel dat hy nuuskierig is om die notaboekie (wat hy van die skip gekry het) te lees nie. Hulle gaan alles wil weet en baie vrae vra en hy wil alles ’n geheim hou.

2. Wanneer Kaptein Kraakbeen die woorde “Sjoe, dit is stowwerig” hoor, dan maak hy of hy nies. So hy verstaan wat die woorde beteken.

3. Justin lees wat Kaptein Verwoes geskryf het. En deur dit só te skryf, kry die leser amper die gevoel dat hy ook daar is en saam met Justin die oomblik beleef.

4. Die notaboek was beslis Kaptein Verwoes s’n.
   Die seilskip in die wegggesteekte baai het aan hom behoort.
   Hy het net een kind gehad – ’n dogter (Maria) en hulle is nie baie naby aan mekaar nie.
   Hy wou ook gehad het sy moet met ’n man van die see trou, maar sy het met ’n onderwyser getrou. Hy was nie baie mal oor haar man nie.
   Sy kleinseun, Hendrik Vosloo, word as erfgenaam benoem.

5. Hy tik-tik met sy snawel op die kaart waarna Justin kyk en dan sê hy: “Kraakbeen weet.” Dis asof hy met Justin gesels en vir hom iets wil sê.

6. Hy gee ’n wolwefluit.

7. Die tonnel wat vanuit die kelder loop, vertak en die ander gang eindig heel moontlik in ’n grot.
   Ook dat die tweede rooi kruisie iets te doen het met die eerste rooi kruisie.

**Taalvrae**

8. a) wat
   b)wat
   c) wat
   d) wat

9. a) Justin wil deur die notaboekie blaai, daarom jok hy vir sy ma.
   b) Kaptein Verwoes het sy skip Boekanier II genoem, want hy wou hê sy nageslag moet die naam ken.
   c) Kaptein Verwoes se kleinseun moet opgespoor word omdat hy dan die kasteel kan erf.
   d) Die notaboekie was vol stof, gevolglik nies Kaptein Kraakbeen.

10. a) kastele
   b) dubbelblaaie
   c) wolwefluite
   d) hokke

# Hoofstuk 16
# Kraakbeen soek ’n koekie (bl. 86-89)

1. “Sy hart tamboer in sy ore.”

2. Letterlik: wanneer hy die flits het, en hy skakel dit aan, gee die batterye krag aan die lig om te skyn.
   Figuurlik: hy kry moed (krag) omdat hy dan in die donker kan sien.

3. Kaptein Kraakbeen het op sy bors gesit.

4. Die ring om Kraakbeen se poot gloei.

5. Dit wil voorkom of die slaapkamerdeur wonderbaarlik vanself oopgesluit is óf dat Kraakbeen iets daarmee te doen het.

6. Hy is eintlik altyd op Justin se skouer, maar hier stap hy al die pad self kombuis toe.

**Taalvrae**

7. a) Justin skrik skielik/vroeg die oggend/laat die aand wakker.
   b) Kaptein Kraakbeen sit doodstil bo-op sy pragtige/groot hok.
   c) Kaptein Verwoes skryf elke dag in sy swart/geheime notaboekie.
   d) Die gevaarlike skelms steel laat in die nag die weggesteekte skat.

8. a) stoksielalleen
   b) stokflou
   c) broodnodig
   d) peperduur

9. a) by herhaling van dieselfde woord
   b) vergemaklik lees van lang woord (nie eintlik nodig)
   c) samestelling met -hulle
   d) verhoed verkeerde uitspraak of opeenhoping van klinkers

# Hoofstuk 17
# Wie is in die kombuis? (bl. 90 -92)

1. Hy druk sy lyf plat teen die gang se muur en loer versigtig om die hoek.

2. Nee, want teen hierdie tyd weet ons dat Nicolas dinge in die geheim doen. Dit is ook die plek waar die geheime tonnel is en waarvandaan Nicolas na die skip kan gaan.

3. Nicolas sê vir Bruno die mense van die huis "slaap hopelik al almal". Dit beklemtoon die feit dat wat hy ook al doen, in die geheim is en ander mense dit nie moet weet nie.

4. Waar. Hulle stamp hulle vuiste teen mekaar wanneer hulle mekaar groet. Bruno spreek ook vir Nicolas as "ou maat" aan.

5. Hulle het haar ontvoer en hou haar in die skip aan.

6. Hulle is heel moontlik na die skip toe.

**Taalvrae**

7. a) Wie was in die kombuis?
   b) 'n Koue wind het by die deur ingewaai.
   c) Nicolas wou tee drink en beskuit eet.
   d) Die kombuis- en spensligte het gelyk afgegaan.

8. a) Jy moet deur die venster kyk om die berge te kan sien.
   b) Die perd se hoef is lekker vuil en moet skoongemaak word.
   c) Koffie kos deesdae baie geld – 'n mens moet deeglik na die pryse kyk.
   d) Moenie roer nie ... daar sit 'n by op jou arm!

9. a) buitedeur
   b) kajuit
   c) kuiergas
   d) spensligte

# Hoofstuk 18
# 'n Plan wat dalk kan werk (bl. 93-99)

1. "sluip"

2. Hy wil so gou moontlik by Liam uitkom en hom vertel wat hy die vorige aand gesien het. Hy wil vertel van Bruno en Jessie.

3. Hulle gaan dalk net die een kans kry om vir Jessie te red. Bruno gaan 08:00 na die winkel en Nicolas begin dan met ontbyt – dit is die ideale tyd.

4. Hy bedoel daarmee dat die planne nie goed genoeg deurdink is nie, dat daar te veel dinge is wat kan skeefloop.

5. Liam se van is dieselfde as die kleinseun van Kaptein Verwoes!

6. Hy wil weet wat die rooi kruisie op die kaart beteken en ook sien waarheen die tonnel vertak.

7. Hy gaan amper soos 'n afluisteraar wees! Hy moet na die kombuis gaan wanneer Nicolas daar is, en dan sal sy ring soos 'n mikrofoon werk en die seuns sal alles deur die ysterstafie kan hoor.

**Taalvrae**

8. geëet, reën, vlieënier, moeë

9. a) gisteraand
   b) seweuur/sewe-uur
   c) verward
   d) herinner

10. onderdeur, onderwyser, ongeluk, ook, oorfoon, opgewonde, oupa

# Hoofstuk 19
# ’n Senutergende paar minute (bl. 100-105)

1. Onwaar. Justin is juis bly dat hulle niemand in die gang raakgeloop het nie, want anders sou hulle ’n storie moes uitdink oor hoekom Liam so vroeg daar is.

2. Tannie Mary, omdat sy ’n verestoffer in die stoorkamer kom soek het.

3. “So by my oor, laat my hoor!”

4. Spanning.

5. Dit beteken hulle moet gou maak.

**Taalvrae**

6. a) se-nu-ter-gen-de (oop, oop, geslote, geslote, oop)
   b) pre-sies (oop, geslote)
   c) ys-ter-sta-fie (geslote, geslote, oop, oop)
   d) wy-er (oop, geslote)

7. a) op
   b) agter
   c) in
   d) op

8. a) Liam sê benoud dat hy iets hoor. / Liam sê benoud hy hoor iets.
   b) Bruno vra of hy agter die spensdeur moet wag.
   c) Justin het gesê dat daar net vier grendels was. / Justin het gesê daar was net vier grendels.
   d) Liam sê dat hulle moet wikkel. / Liam sê hulle moet wikkel.

# Hoofstuk 20
# In die tonnel (bl. 106-111)

1. Figuurlik. Die klank van die deur wat oopgaan, is so hard dat Justin dit omtrent in sy lyf kan voel. Hy is natuurlik ook bang dat Nicolas dit gaan hoor en daarom klink dit ekstra hard.

2. Hy soek na ’n versteekte knoppie of hefboom om die geheime ingang se opening te kry.

3. Justin. Hy is nou skielik bang (waar Liam gewoonlik die skrikkerig een is!) om in te gaan, omdat hulle nie dadelik gaan weet hoe om die rotsdeur van binne af oop te maak nie. Hy is bang die rotsdeur gaan vanself agter hulle toe.

**Taalvrae**

4. a) skeibaar
   b) skeibaar
   c) onskeibaar
   d) skeibaar

5. a) saans
   b) daagliks
   c) kajuit
   d) snags

6. Vergelyking.

7. mal

# Hoofstuk 21
# Waarvoor is die rooi kruisie op die kaart?
# (bl. 112-116)

1. Niks nie. Net 'n hefboom in die middel van die grot se vloer.

2. Waar. Die grot sal maklik in Justin se kamer inpas.

3. Leerder se eie repons.

4. Die ander deure gaan almal vanself weer toe, terwyl jy hierdie een self moet toemaak.

**Taalvrae**

5. a) oorronding
b) assimilasie
c) ontronding
d) oorronding

6. a) fluitende, fladderende
b) swetend
c) laggende

7. a) Justin skyn die flits terwyl hulle rondkyk. (bywoordelik)
b) Justin kyk na Kaptein Kraakbeen wat rustig sy vere sit en kam. (byvoeglik)
c) Liam, wat nie sy pap geëet het nie, moet vir Justin optel. (byvoeglik)
d) Die seuns lag en klap hande omdat hulle die opening toe gekry het. (bywoordelik)

# Hoofstuk 22
# ’n Reddingspoging (bl. 117-121)

1. “Hierdie baai is soos iets uit ’n storieboek.”

2. Hulle moet vir Jessie gaan red voor Bruno en Nicolas terugkom.

3. Justin het die seerowerhoedens vir elkeen uitgehaal, een op sy kop gesit en hy maak nou of sy flits ’n swaard is. Liam is vies, want hulle is besig met ernstige sake en Justin wil nou seerower-seerower speel.

**Taalvrae**

4. a) Dit bly maar ongelooflik.
   b) Dit is soos iets uit die flieks!
   c) Die plek is fantasties!
   d) Dit moet ongelooflik wees!

5. a) see-ro-wer-ei-land
   b) se-nu-wee-ag-tig
   c) kreu-nen-de
   d) mas-pa-le

6. a) Enkelvoudig
   b) Saamgesteld
   c) Saamgesteld
   d) Saamgesteld

# Hoofstuk 23
# ’n Onverwagse ontmoeting (bl. 122-127)

1. Daar is ’n veerpyltjiebord, ’n sagte stoel, bank en ’n boekrak vol boeke.

2. Hy klap sy snawel in die kat se rigting en maak ’n klipharde SKWÊK-geluid.

3. Die naamplaatjie aan die kat se nek verklaar dat Jessie toe al die tyd ’n kat was en nie ’n meisie soos wat Justin gedink het nie.

4. Jy skrik baie-baie groot!

5. Jessie is nie ’n goeie ma-kat nie. Sy dra haar kleintjies rond, steek hulle op plekke op die skip weg en hou meer daarvan om op die skip se dek in die son te lê as om na haar kleintjies om te sien.

6. Hy is bang Nicolas gaan iets aan hulle doen. As sy ma bekommerd is, gaan sy vir hom soek en dan sal sy hulle hopelik kry voor daar iets gebeur.

7. Hy vra prontuit vir Nicolas hoekom hy ’n foto van hom langs sy bed het.

8. Nicolas het nie sy voorskoot aan nie en hy lyk ook nie meer soos ’n seerower uit ’n nag-merrie lyk nie – hy lyk eintlik gewoon. Hy nooi ook vir Justin en Liam om te sit en koffie te drink.

9. Koffie met twee lepels suiker en melk.

10. Nee. Dit klink eintlik baie gemoedelik en vreedsaam.

**Taalvrae**

11. a) boekrak
b) ysblokkies
c) piepgeluid
d) middagete

12. a) afleiding
b) samestelling
c) samestelling
d) afleiding

13. a) Skryfteken: koppelteken
b) Leesteken: beletselteken
c) Skryfteken: afkappingsteken
d) Skryfteken: akuut

# Hoofstuk 24
# Nicolas se storie (bl. 128-132)

1. Hy en Liam is familie: Nicolas is Liam se oom, sy pa se tweelingbroer.

2. Die broer is saam met sy pa in die ongeluk oorlede.

3. Hy wys foto's uit 'n fotoalbum en vertel watter jaar die foto's geneem is; hy haal identiteitsdokumente en geboortesertifikate uit. Hy vertel hulle ook dat alhoewel sy gesig dalk anders in sy ID-boeke lyk, sy vingerafdrukke steeds dieselfde bly en dat dit nie jok nie.

4. Waar. Oom Vossie het altyd toegelaat dat Liam op sy skouers sit en dan het hy gemaak of hy 'n perd is en lekker te kere gegaan. Nicolas wou, ná Liam se ouers verongeluk het, vir Liam aanneem.

5. Sy oog het seergekry in die ongeluk.

6. Liam se ouma het vir Nicolas gesê hy moet wegbly van Liam af. Nicolas was die bestuurder van die motor tydens die ongeluk, en die ouma het Nicolas verantwoordelik gehou vir die dood van Liam se ouers – sy wou dus net vir Liam beskerm en keer dat Nicolas hom van haar wegneem.

7. Ja. Hy het die ouma se wens gerespekteer en sy afstand gehou.
   Nee. Bloed is dikker as water. Hy kon dalk ná 'n paar jaar probeer uitreik het en hy kon 'n pa-figuur vir Liam gewees het.

8. Leerder se eie respons.

**Taalvrae**

9. a) Ek sal dit onthou.
   b) Skuld ek jou 'n verduideliking?
   c) Twee blondekop seuns het vir die kamera gegrinnik.
   d) Nicolas gee vir hulle die papiere aan.

10. a) waarop
    b) waarvan
    c) waarmee
    d) waarvoor

11. a) onsigbaar
    b) blinde
    c) bewys
    d) katjie

# Hoofstuk 25
# Kraakbeen weet (bl. 133-138)

1. Wanneer Justin hom vra of hy iets weet, antwoord hy niks nie, maar hy kyk na Bruno en Bruno kyk vir hom. Dit is so goed soos 'n ja. 'n Mens hoef nie altyd fisies te antwoord om 'n antwoord te gee nie.

2. Sy oupagrootjie.

3. Daar was bewyse dat Kaptein Verwoes sy oupagrootjie was; dat hy dus eintlik 'n erfgenaam van Kaptein Verwoes is en die skip erf. Daar was ook 'n kaart in wat aangedui het waar die weggesteekte strand met die skip is.

4. Nicolas se oupa (Johannes Vosloo) het die kasteel verkoop want hy was kwaad vir sy skoonpa, Kaptein Verwoes, omdat hy sy dogter (met wie Johannes getroud is) verstoot het.

5. Kaptein Kraakbeen het die vorige kok laat bedank omdat hy heeltyd in sy kospotte en in die kombuis getjorts het. Kraakbeen het ook al die kokke wat daarná vir die pos aan soek gedoen het, se onderhoude laat misluk deur seker iets met die mense te doen toe hulle met tannie Mary gesels het. En toe Nicolas vir die onderhoud kom, en Kraakbeen niks aan hom doen nie, het tannie Mary uit pure verligting vir hom die pos gegee.

6. As hy dit doen, gaan mense van die weggesteekte strandjie te hore kom, en dan sal toeriste dit vertrap.

7. Hy is een van Nicolas se beste vriende en ook 'n baie ervare skipper. Nicolas wil hê Bruno moet die skip na Houtbaai seil sodat hy daar kan gaan verklaar dat hy die skip erf.

**Taalvrae**

8. a) Julle weet niks van Johannes Vosloo nie!
   b) Die kaart het nie die baai en kasteel gewys nie.
   c) Nicolas wil nie die skip op sy naam laat registreer nie.
   d) As niemand van die weggesteekte baai weet nie, sal ons dit kan beskerm.

9. a) Werkwoord.
   b) Selfstandige naamwoord.
   c) Selfstandige naamwoord.
   d) Werkwoord.

10. a) as-se-blief (geslote, oop, geslote)
    b) ou-pa-groot-jie (oop, oop, geslote, oop)
    c) erf-por-sie (geslote, geslote, oop)
    d) mil-li-me-ter (geslote, oop, oop, geslote)

# Hoofstuk 26
# 'n Gelukkige einde (bl. 139-143)

1. Hy sê Kaptein Verwoes was 'n baie slim man, en dat hy heel moontlik so iets sou kon uitdink en uitvoer.

2. Die fakkel: want dit gee meer lig af.
Justin se flits: want dit laat als nie so spokerig lyk soos die fakkel nie.

3. Hulle het nie geweet van die veiligheidsknip nie.

4. Die rotse by die punt van die baai verdwyn onder die water en die see is kalm en wyd genoeg vir 'n skip om deur te seil.

5. Ja. Liam het nog 'n lid van sy familie ontdek. Nicolas is nie meer vir die seuns 'n bedreiging of vreemde karakter nie en hy gaan met Liam se ouma herenig. Die seuns het ook die geheime opgelos. Selfs Kaptein Verwoes is bly oor hoe sake uitgedraai het!
Nee. Was dit regtig Kaptein Verwoes wat daar gestaan het? Wat gebeur met die skatte wat weggesteek is? En wat as daar nog geheime in die notaboekie is?

**Taalvrae**

6. a) By die hefboom is daar 'n kruisie.
b) Met hande wat bewe van opgewondenheid vat Nicolas die boekie.
c) Al vier staan twintig minute later in die grot.
d) Met sy handpalm slaan Justin teen sy voorkop.

7. a) báie
b) só
c) séil
d) Ék

8. a) Enkelvoudig.
b) Saamgesteld.
c) Enkelvoudig.
d) Saamgesteld.

LAPA

Jou leestuiste | Home to readers

Lehae la babadi | iKhaya labafundi

A division of
Penguin Random House
South Africa (Pty) Ltd

www.lapa.co.za